



Kleinfontein Inwoners Vereniging

OPREG – DOELGERIG – ROTSVAS

Adres: Kleinfontein Plaas, Rayton, 1001

Web: kivgroep.co.za

E-pos: kiv.kleinfontein@gmail.com

Geagte Anoniem

Kleinfontein

Vir plasing op: kivgroep.co.za

10 April 2025

Verw: Epos ontvang van Anoniem ivm Sonplaas 4 April 2025 @ 9.20pm.

Vrywaring:

Hierdie skrywe is nie bedoel om as 'n tegniese verslag gebruik te word nie maar is baie vereenvoudig om die omvang van die kragnetwerk aan die leek te skets.

Dankie vir u skrywe ontvang. Die KIV het ondersoek na die aangeleentheid ingestel en antwoord graag soos volg.

Om die volle omvang van die probleem te besef moet 'n persoon na die hele kragnetwerk op Kleinfontein kyk.

Agtergrond

Elektriese krag (hierna net krag) word deur twee (2) instansies aan Kleinfontein voorsien - ESKOM en Kleinfontein Energie. Kleinfontein Energie is die maatskappy wat die Sonplaas besit.

Die hoewes koop hulle krag direk van ESKOM of wek hulle eie krag vir huisgebruik self op. Die eie gebruik bestaan dan uit verskillende sisteme soos bv Solar, Wind en kragopwekkers. Hulle is nie aan Kleinfontein se kragnetwerk verbind.

Die Wildpark het drie (3) transformators. ESKOM voorsien wettig krag aan die drie transformators. Van daar word die krag deur 'n 'onwettige' netwerk versprei aangesien Kleinfontein nie 'n NERSA sertifikaat het om krag te versprei soos deur Regter Voster gevind.

Transformator 1 (100kVA) is onder Michael Lombard se huis en voorsien krag tot by Rooibok.

Transformator 2 (100kVA) is naby Leoni Kruger en voorsien krag tot by Rooihartbees.

Transformator 3 (25kVA) is by Bottelary en voorsien krag tot by Waterbok.

Nedersetting se krag was in die verlede, voor die sonplaas in werking getree het, deur twee (2) transformators van krag voorsien. Transformator 1 was 'n 200kVA wat die kantoorkompleks, store en sportkompleks van krag voorsien het. Transformator 2 is die Hoof-transformator (500kVA) wat die Nedersetting van krag voorsien het.

Bespreking

Die netwerk soos vir die Kantore en Nedersetting is verander met die implimentering van die sonplaas.

Die 200kVA transformator is ontkoppel en is deur die Sonplaas vervang wat met n kabel na die minisub by kantore verbind is. Die 500kVA transformator is op die kring netwerk met die Sonplaas verbind.

By implikasie beteken dat die Sonplaas die kantore, store, gemeenskapsentrum en museum van krag moet voorsien asook Kareepark wat met n addisionele kabel vanaf die minisub by kantore aangelê is, slegs wanneer die son skyn, aangesien daar geen voorsiening gemaak word vir stoor van krag vanaf die Sonplaas indien die son nie skyn. Dit sal dan ook verduidelik hoekom daar groot klem gelê word op die fase aansit van

krag om die piek soos tydens die aansit van krag af te plat om boetes te voorkom. Die 500kVA moet dus bestuur word om abnormale gebruik te voorkom wat in die verlede deur die 200kVA gedra kon word.

Problemtiek

Die Sonplaas se kragnetwerk is direk aan die 500kVA gekoppel wat dan direk aan ESKOM gekoppel is. Sonder veel redenasie kan daar dus gesien word dat die 500kVA sal afgaan as daar kragonderbreking van ESKOM voorkom. Dit sal dan die gevolg hê dat die Sonplaas krag direk op die ESKOM netwerk ingevoer word wat natuurlik ook onwettig en gevaarlik vir ESKOM werkers is aangesien dit lyne wat veronderstel is om dood te wees, nou krag sal ophê. Die terugvoer van krag deur die Sonplaas word dus onwettig in Eskom se netwerk gevoer omdat Eskom nog nie hul meterpunt opgegradeer het op aanvraag deur KA. Die meterpunt is nodig om te voorkom dat verkeerde lesings deurgegee kan word.

Die kragonderbreking soos wat gedurende die naweek voorgekom het, is juis deur hierdie botsende netwerke veroorsaak en was spesifiek by die aansluiting waar die Sonplaas tegnikus 'n foutiewelike kabel konneksie op die minisub by kantore gemaak het. Daar is ook 'n vermoede dat ongekwalifiseerde persone onlangs onderhoud op hierdie minisub gedoen het. 'n Ontploffing het plaasgevind en die Eskom skakels het buite die 500kVA Transformator op Eskom kraglyn afgebrand wat voorkom het dat 'n groot gedeelte van hoewes ook sonder krag gelaat sou word.

Feite

Die volgende feite is deur die KIV ondersoek ontbloot maar versoek KA om ons stellings per kerende skrywe binne 5 werksdae reg te stel indien hulle van die feite verskil.

1. Kleinfontein het geen NERSA sertifikaat om 'n krag netwerk te bedryf nie. Onder 100kVA word dit nie vereis. Hoeveel krag wek die sonplaas huidiglik?
2. Sonplaas plaas 60kw/h per maand in die stelsel as die son skyn.
3. Kleinfontein Energie (KE) het 1 Direkteur.
4. Kleinfontein Energie word gefinasier deur skuldbriewe.

5. Kleinfontein Energie is in 'n Trust met KA as begunstigde
6. Die trust word bestuur deur 3 trustees
 - a) Tinus Myburg
 - b) Ben Geldenhuis
 - c) Rian Genis
7. Syfers is nie beskikbaar nie want KE is 'n privaat maatskappy wat impliseer dat die Sonplaas nie aan KA behoort nie. Indien KA die begunstigde is soos beweer, het aandeelhouers die wetlike reg om insae te bekom in die trust akte soos weergegee word deur die Meester van die Hooggeregshof.
8. KE beweer wel hulle is 5% goedkoper as ESKOM
 - a) Nuutste tarief is R 3.80 - R 3.61
 - b) Vorige tarief was R 4.01 - R 3.81
9. ESKOM se tarief is 'n "moving average" en word elke 3 maande bereken.
10. KE betaal huur vir die area waar die Sonplaas opgerig is. Aan wie word dit betaal?
11. Die Sonplaas kan nie krag lewer as ESKOM af is nie.
12. Die besigheidsplan vir KE is nie beskikbaar nie aangesien dit 'n privaat maatskappy is. Dit bots natuurlik teen KA aandeelhouers se verwagting dat ons volledige inligting wil hê met en van die maatskappye waarmee KA kontrakte het.

Nota:

1. Opvallend is die agressie waarmee die HUB Stefan Wiese enige vrae omtrent die Sonplaas hanteer. Sy gedrag laat meer vrae as antwoorde.
2. Wie is verantwoordelik vir die skade aan die kragnetwerk by die minisub ?
3. Het KA versekering op die kragnetwerk ?
4. Het KE versekering op die sonplaasnetwerk ?
5. **Gaan KA aandeelhouers instaan vir die skade aan die krag netwerk ?**

Bevinding

1. KE is nie deursigtig is sy besigheidsplan en dit dra by tot die wantroue en vrae wat KA se aandeelhouers die reg het om te vra.
2. Die skuldbriewe soos genoem onder punt 4 bo verduidelik Dannie de Beer se betrokkenheid by die Sonplaas aangesien hy die verkoop van "aandele" in die Sonplaas bemark het. Die KIV aanvaar dus dat hy die grootste aandeelhouer is tensy anders deur KE of KA bewys.

3. Punt 2 soos onder Bevinding verduidelik dan ook hoekom Dannie de Beer op 'n verhoog kan staan en sê hy is nie die eienaar van KE nie maar wel die kragnetwerk aan die vergadering kan verduidelik. Sy hande is dus vuil volgens KA se terminologie.